PUNTETOTAAL | |

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# MUSIEK: VRAESTEL II

| EKSAMENNOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

Tyd: 1½ uur

50 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Al die vrae moet op die vraestel beantwoord word. Moenie enige vrae in 'n antwoordboekie beantwoord nie.

3. Die musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word.

4. Laat jou asseblief deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat nodig is, sal van individuele handskrif afhang. Vermy dit om inligting in jou antwoorde te herhaal.

5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied. Moenie Tippex gebruik nie.


---

| VRAAG | MAKSIMUM PUNT | BEHAAL |
|---|---|---|
| 1 | 15 | |
| 2 | 6 | |
| 3 | 8 | |
| 4 | 21 | |
| **TOTAAL** | **50** | |

IEB Copyright © 2019


**VRAAG 1**

1.1 Skryf een oktaaf, stygend en dalend, van die melodiese mineurtoonleer met die gegewe toonsoortteken.




(1)

1.2 Voeg die korrekte skuiftekens by om die majeurtoonleer te skep waarvan die gegewe beginnoot die submediant is.



(1)


1.3 Identifiseer hierdie toonleer.



Naam van toonleer: ________________________________________

(1)


1.4 Skryf die Lidiese modus op E-mol, stygend, met 'n toonsoortteken. Skryf in saamgestelde tweeslagmaat en begin met die gegewe nootwaarde. Skep jou eie ritme en groepeer die note korrek. Die voltooide modus moet presies twee mate lank wees en geen rustekens mag gebruik word nie.




(3)

1.5 Skryf die verlangde intervalle bokant die gegewe note.

1.5.1 Vergrote 4de



1.5.2 Majeur 6de



(2)

IEB Copyright © 2019

1.6 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.6.1 Merk die korrekte antwoord om hierdie sin te voltooi:

Hierdie stuk is gebaseer op die:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| F majeurtoonleer | | Doriese modus | | D mineurtoonleer | |

(1)

1.6.2 WAAR of ONWAAR: Alle saamgestelde intervalle in die stuk is majeur $10^{des}$/ saamgestelde majeur $3^{des}$. Gee een rede vir jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

1.6.3 Identifiseer 'n voorbeeld van 'n pedaalpunt/pedaalnoot. Gee maat- en maatslagnommer.

______________________________________________

______________________________________________

(1)

IEB Copyright © 2019 

1.7 Harmoniseer die gegewe note in vier dele (SATB of vir klawerbord) om 'n geskikte kadens te vorm wat die gebruik van akkoord $V^7$ demonstreer, korrek opgelos. Maak ook gebruik van 'n akkoord in tweede omkering. Onthou om die toonsoort te noem en die akkoorde te besyfer.



(3)
**[15]**

IEB Copyright © 2019

**VRAAG 2**

Kies EEN van die melodieë (a), (b) of (c) hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

(a)




(b)



(c)



2.1 **Skryf die letter van jou keuse neer** en IDENTIFISEER die werk en die komponis van jou gekose voorbeeld, bv. (d) *West Side Story* – Leonard Bernstein.

________________________________________________________________ (1)

2.2 Noem die styl van jou gekose werk en noem een invloed op die ontwikkeling daarvan.

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2019 

2.3 Motiveer met verwysing na die melodie en ritme of tydmaat (nie die tempo nie) waarom die stuk 'n goeie voorbeeld van die styl is of nie.

(3)
**[6]**

IEB Copyright © 2019

**VRAAG 3**

Verwys na die partituur hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.1 Noem die toonsoort en besyfer die akkoorde gemerk A, B en C.

A: ______________________________

B: ______________________________

C: ______________________________

(3)

3.2 Verduidelik die aanwesigheid van die E-herstel in maat 7.

______________________________

______________________________

(1)

3.3 Identifiseer die toonsoort en benoem die kadens gemerk X.

Toonsoort: ______________________ Kadens: __________________________ (2)

3.4 Identifiseer die akkoordvreemde note gemerk (i) en (ii).

(i) _____________________________ (ii) _____________________________ (2)

**[8]**

IEB Copyright © 2019

## VRAAG 4

Verwys na **UITTREKSELS A, B** en **C** hieronder.

### UITTREKSEL A




### UITTREKSEL B



**UITTREKSEL C**




4.1 Kies die korrekte antwoord uit die lys hieronder om die seksie van die werk waaruit elke uittreksel geneem is, aan te dui. Gee 'n rede vir jou keuse.

- Begin van die uiteensetting
- Ontwikkelingseksie
- Oorgangspassasie

| UITTREKSEL | ANTWOORD | REDE |
|---|---|---|
| A | | |
| B | | |
| C | | |

(6)

4.2 Verwys na die uittreksel hieronder.

Identifiseer TWEE komposisietegnieke (buiten herhaling en sekwens) wat in hierdie uittreksel aanwesig is, wat die hoofmotief van die werk ontwikkel. Noem die maatnommer(s) en instrument(e).




4.2.1 Maatnommers: ______________________________

Instrument(e): ______________________________

Komposisietegniek: ______________________________

4.2.2 Maatnommers: ______________________________

Instrument(e): ______________________________

Komposisietegniek: ______________________________

(4)


4.3 Lewer kommentaar oor hoe die klassieke styl duidelik is in die manier waarop Mozart die volgende musiekelemente in die eerste beweging van Simfonie No. 40 in G mineur gebruik. Sê vir elke element hoe Mozart dit gebruik **EN** hoe sy gebruik tipies is van die klassieke styl of nie.

(a) Tekstuur
(b) Instrumente
(c) Melodie
(d) Tonaliteit/toonsoortstruktuur

(8)

IEB Copyright © 2019

4.4 Die volgende frase is uit maat 148–153 van die tjellogedeelte van die eerste beweging van Simfonie No. 40. Herskryf frase A in die diskantsleutel en frase B in die bassleutel. Sluit die toonsoortteken in.




**FRASE A**

**FRASE B**

(3)
**[21]**

**Totaal: 50 punte**

## ROFWERK

IEB Copyright © 2019